Die Voortrekker monument

—deur Peter Hammond



Pretoria is 'n historiese stad met talle belangrike monumente. Die vernaamste hiervan is die Voortrekkermonument. Hierdie massiewe graniet-struktuur is deur die argitek, Gerard Moerdijk, ontwerp. Die hoeksteen is op 16 Desember 1938, by Monumentheuwel, deur die kleindogter van Andries Pretorius, die agterkleindogter van Hendrik Potgieter en die agterkleindogter van Piet Retief gelê.

Begrawe onder die hoeksteen is: 'n afskrif van die Gelofte wat die Voortrekkers op 16 Desember 1838, die vooraand van die Slag van Bloedrivier, gemaak het; 'n afskrif van die 'Die Stem'; en 'n afskrif van die verdrag tussen Retief en Dingaan. Die monument is op 16 Desember 1949 deur die eersteminister, D.F. Malan ingehuldig.

Die 27 panele van die grootste marmerfries ter wêreld, beeld die geskiedenis van die Groot Trek en vurige Christelike geloof van die Voortrekkers uit.

Visuele geskiedenis

Die Voortrekkermonument is 40 m hoog met 'n basis 40 m by 40 m. Dit het die grootste marmerfries ter wêreld. Die fries bestaan uit 27 marmerpanele wat die geskiedenis van die Groot Trek, die lewe, stryd, en vurige Christelike geloof van die Voortrekkers uitbeeld. Op talle maniere stem die uitbeeldings van die visie, reis en lyding van die Voortrekkers op die massiewe marmerfries ooreen met die uittog van die Hebreërs uit Egipte.

Senotaaf

In die middel van die Heldesaal se vloer is daar 'n groot ronde opening waardeur die senotaaf (dodemonument) beskou kan word. Die senotaaf, in die middel van die monument, is die sentrale fokus. Die argitek wou hê dat »

Meer oor die monument

Tydlyn:

- **1931** Plan om te bou kry momentum
- **1937** Sooispitseremonie
- **16 Desember 1938** Hoeksteen word gelê
- **16 Desember 1949** Monument word ingehuldig. Die totale koste was £359 000
- **1949** 'n Groot amfiteater word in opgerig, met sitplek vir 20 000 mense
- **16 Maart 2012** Tot nasionale erfenisgebied verklaar



Daar is drie vlakke:

- die boonste koepel, wat die oop lug simboliseer
- die middelsaal met die marmerfries
- die kelder waar die senotaaf is. Die vloer het 'n patroon wat 32 chevron-strale uitbeeld, volgens Moerdyk simboliseer dit water

Die oorspronklike plan van Gerhard Moerdyk, die argitek, het glo te veel soos 'n Egiptiese tempel gelyk en die plan is gewysig om meer Germaans te lyk.

Dr. Alta Steenkamp, argitek en lektor aan die Universiteit van Kaapstad, meen die ontwerp van die monument is argitektonies deels geïnspireer deur die Völkerschlachtdenkmal in Leipzig, Duitsland, wat in 1913 ingehuldig is en die Slag van Leipzig van 1813 teen Napoleon se troepe herdenk.

Bronne: Voortrekkermon.org.za, Wikipedia.org

ANDRÉ GOUWS, JACO GROBBELAAR, Grafika24

Infografika met spesiale vergunning van Grafika24

Die Voortrekker-monument

die senotaaf soos 'n altaar moet lyk, simbolies van die altare wat deur Noag na die Vloed, en deur Abraham, die vader van die Gelowiges, opgerig is.

Die seën van God

Elke jaar op 16 Desember, om twaalfuur, skyn daar 'n sonstraal deur 'n opening in die gewelf op die woorde: 'Ons vir jou Suid-Afrika', in die middel van die senotaaf. Hierdie ligstraal simboliseer God se seën op die lewens en strewe van die Voortrekkers.

Die senotaafsaal is versier met die vlae van die verskillende Boererepublieke en het muurtapisserieë wat die reise van die Voortrekkers uitbeeld. Daar is ook vertoonkaste met artefakte van die Groot Trek, insluitend Bybels, Gesangeboeke en Psalms.

Eeufees se vlam

Teen die noordelike muur van die saal is 'n naaf met 'n lantern waarvan die vlam brandend gehou is sedert die eeufeesviering van die Groot Trek, in 1938. Dit was in daardie jaar dat die 'Simboliese Ossewatrek', wat in Kaapstad begin het, by Monumentheuwel aangekom het en waar die monument se hoeksteen toe gelê is.

Christelike beskawing

Besoekers aan die monument gaan die monument deur swart assegaaihekke van smee-yster binne. 'n Laer van 64 ossewaens omring die Voortrekkermonument: dieselfde getal waens wat tydens die Slag van Bloedrivier gebruik is. Aan die voet van die Voortrekkermonument staan Anton van Wouw se klipbeeldhouwerk van 'n Voortrekkervrou en haar twee kinders.

Die monument se oorhoofse koepel is ontwerp om die besoeker se oog na bo te trek, na God, wat ons Skepper, soewereine Heer en ewige Regter is.

Net soos die twee kinders na hulle moeder opkyk vir liefde en leiding, kyk sy op na die Here vir krag en wysheid. Aan weerskante van hierdie beeld is daar basreliëfs van wildebeeste in die mure van die monument, simbolies van die wildernis se gevare waarin die moeder (verteenwoordigend van die Christelike beskawing) besig is om haar tuiste te skep.

Leiers

Op elke buitenste hoek van die Voortrekkermonument is daar 'n standbeeld: Piet Retief, Andries Pretorius, Hendrik Potgieter en 'n vierde leier wat al die ander Voortrekkers voorstel.

Ontwerp

Die oorspronklike ontwerp van Moerdijk is verwerp omdat dit te veel na 'n Egiptiese tempel gelyk het, kompleet met laagwaterbrug wat na Egiptiese gedenknaalde lei. Na openbare deelname is die ontwerp vir die Voortrekkermonument gefinaliseer. (Gerard Moerdijk was ook die hoofargitek van 80 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.) Die Griekse kruis in die vloerplan weerspieël dat die Nuwe Testament oorspronklik in Grieks geskryf is. Die sentraliteit van die Woord van God is hierdeur benadruk. Die monument se oorhoofse koepel is ontwerp om die besoeker se oog na bo te trek, na God, wat ons Skepper, soewereine Heer en ewige Regter is.

Skeppingsmandaat

'n Pragtige tuin met inheemse plante en bome omring die monument. Dit weerspieël ons plig om die Skeppingsmandaat te vervul. Die 3,41 km gebied rondom die monument is in 1992 as 'n natuurreservaat verklaar. Bontsebras, blesbokke, rooiribbokke, springbokke en rooibokke floreer in hierdie natuurreservaat.

Die Groot Opdrag

Die Bybel wat deur die Engelssprekende 1820-Setlaars aan die Voortrekkers oorhandig is, kom prominent in die marmerfries voor. Dit lê klem op die belangrikheid van die Groot Opdrag. God het ons aan die voet van Afrika geplaas om die lig van die Evangelie van Christus dwarsdeur Afrika te neem.

Geheilig / toegewy

Van ver af lyk die Voortrekkermonument soos 'n altaar, dit simboliseer die vasberadenheid om aan God toegewy te wees, om vir Sy skepping te sorg en 'n toegewydheid om die Groot Opdrag dwarsdeur Afrika te vervul. ▪

DR. PETER HAMMOND *is 'n sendeling, historikus en outeur. Kontak hom by: 021 689 4480; mission@frontline.org.za; www.ReformationSA.org*